

Kindernagmaal

Ekumenies

My eie argument tydens die vorige AKV was 'n ekumeniese argument.

Die NG Kerk laat kinders toe om nagmaal te gebruik. Daar is twee duidelike redes om die kindernagmaal uit, hierdie hoek beskou, in die NHKA in te stel.

Eerstens is hulle argumente ten gunste van die gebruik deur kinders ook vir die NHKA 'n goeie aanwysing tensy dit egter dwaalleer verteenwoordig. Die NHKA is nie 'n kerk op 'n eiland nie.

Tweedens beteken ons oop nagmaaluitnodiging dat indien gesinne uit die NG Kerk ons eredienste bywoon hulle kinders ingesluit is onder die genooïdes. Kinders uit die NG Kerk kan dus aan die nagmaal tydens 'n erediens van die NHKA deelneem terwyl die kinders van die NHKA gemeente self verhoed word.

Teken van genade

Die sakramente is teken en seël van God se genade in Jesus Christus. Die doop word dit nie op grond van enige prestasie deur die kind self bedien nie, maar juis in hulle onmag, wat reliëf gee aan die sola, "Uit genade alleen". Die verstaan word nie as voorwaarde gestel nie maar juis as 'n voortdurende proses en opdrag aan die ouers. Om hulle kinders te onderrig en te laat onderrig om die betekenis van die doop te verstaan.

Insgelyks is die nagmaal 'n teken en seël van die genade. 'n Voorvereiste van, eers verstaan, wat op kinders van toepassing gemaak word ry juis die genade-bedoeling in die wiele. Daar is steeds baie volwassenes wat allerlei wanopvattinge oor die nagmaal het, maar hulle word nie uit die viering daarvan geweier nie. Twee algemene wanopvattinge is, eerstens die gedagte dat voorbereiding gaan oor hoe goed jy is en hoe jy die sonde beveg en die tweede is dat indien jy iets teen jou naaste het (onmin) julle albei nie mag deel hê aan die nagmaal nie. Beide hierdie konsepte kyk die genade mis en lê die klem op 'n soort verdienstelikheid.

Ontkoppeling tussen Nagmaal kategese

Die sakrament van die Nagmaal is ten onregte aan die voltooiing van 'n kategese program gekoppel. Vermoedelik is dit 'n oorblyfsel uit die reformatie toe die reformatore ten alle koste wou seker maak dat die Roomse opvatting oor die nagmaal nie in die Protestantse viering insluit en vaardig word nie. Daardie stryd was byna vyf eeue gelede en is nie in ons huidige tyd relevant nie.

Die koppeling tussen afhandeling van 'n kategetiese program voor deelname aan die nagmaal toelaatbaar is, is kontra-intuïtief. Kategese gaan oor die verstaan van God se genade, terwyl die sakramente tekens, simbole van God se genade is en na my mening eerder oor belewenis gaan.

Baie mense wat reeds kategese afgehandel het en jare reeds lidmate is verstaan dikwels nog die nagmaal verkeerd. Ons behoort hulle nie te verbied nie maar tydens die viering voortdurend te help en te herinner om die tekens, simbole reg te verstaan.

Prakties

Nuwe “kindervriendelike” formuliere

Die huidige formuliere is tans op volwassenes afgestem, bevat abstrakte taal, bevat indirekte rede, bevat lang sinne, bevat teologiese terminologie en word dikwels ’n die derde persoon geformuleer.

’n Herskrywing van die formulier kan dus baie help om kinders se begrip tegemoet te kom, en sal vermoedelik ook baie volwassenes se verstaan verbeter.

Die formaat van die formulier kan ook gewysig word om die vieringsgenote aktief te betrek. ’n Vraagstelling en antwoord of uitnoodig tot reaksie proses sal vermoedelik die vierders meer betrokke maak, en verstaan ook verbeter.

Nuwe bediening formules

Die formulier kan selfs, baie verkort, as ’n bedieningsgesprek by elke tafel hanteer word.

Die formulier wat gebruiklik as ’n relaas voor die nagmaal gelees word, kan verander word om eerder tydens die bediening by elke tafel operasioneel en aktief die deelnemer te betrek.

Daar kan byvoorbeeld voor die uitdeel van die tekens ’n kort dialoog oor die vierders se sonde wees, met tyd vir nadenke oor sonde en sondigheid en skuldbelydenis.

Tydens die gebruik van die elemente kan die geloof in die verlossing en versoening deur Jesus Christus ook op dialogiese wyse hanteer word.

Ná die bediening van al die tafels kan daar weer d.m.v. dialoog erns gemaak word met die betekenis van en die aksie wat nodig is vir dankbaarheid.

Hulp vir ouers om die sakrament aan kinders te verduidelik

Ouers verstaan dalk self nie die Nagmaal korrek nie, óf het nie die vaardigheid of kennis om dit aan hulle kinders te verduidelik nie.

Die opstel van 'n “kategetiese lesie” wat na elke viering aan ouers beskikbaar gestel word en waarmee hulle dan 'n dialoog met hulle kinders oor die sakrament en die betekenis daarvan kan hê is noodsaaklik.

Dit behoort in gedrukte vorm, elektronies (selfs iets soos 'n selfoonspelletjie), 'n poppekas, video of inkleurprent te wees. Iets wat ondersoek kan word is 'n “Bot” aan wie die kinders en ouers vrae kan vra.

Hierdie is 'n paar voorlopige opmerkings.

Ek neem graag verder aan die gesprek deel.

Herman van den Berg